
**Ons vra aan elkeen wat hierdie pamflet lees:**

- In die eerste plek dat u die saak aan ons hemelse Vader sal opdra, want "As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou..." (Ps.127:1);
- In die tweede plek dat u 'n finansiële of fisieke bydrae sal maak om die projek van die grond af te kry.

Daarvoor dank ons u by voorbaat.



Dinosourus fossile in die Smitsonion Institut in Washington. *(Waarskynlik geleef saam met mense)*



'n Dinosourus-beeld in Mexico opgegrawe gemaak deur mense wat waarskynlik saam met hulle geleef het.

**Bank besonderhede** vir inbetaling op Skeppingsleer rekening:
OSK
Standardbank
Hopetown tak nr. 050103
Rekening nr. 041712617
**Verwysing: GS 130**


**Verdere navrae:**
Gerd en Jeanette Erasmus
E-pos: glerasmus@oranet.co.za
053 207 0134 / 082 782 2985
of
Ludwig en Retha Everson
053 207 0029 / 073 134 9671


SwiftPrint 62973

# BYBEL & WETENSKAP

## Doel

- om as getuie vir God as Skepper te dien
- om die Skeppingsleer aan mense bekend te stel.
- om teen die ewolusie (kans en tyd) as oorsprong te getuig



## Wat sê die Skeppingsleer?

- Volgens die Bybel het God alles sowat 6000 jaar gelede in ses dae uit niks geskep. Hy het gespreek en dit was daar, elkeen volgens sy soort. En alles "Baie goed!"1 – dus volmaak. Hy het in die oorspronklik geskape lewendige organismes die vermoë ingebou om binne 'n bepaalde soort te kan varieer en 'n groot verskeidenheid te kan vorm. Die mens het Hy uit die stof van die aarde gemaak2 en sy vrou uit Adam se sy3, nie uit reeds bestaande wesens nie.
- A.g.v. die mense se sonde het 'n wêreldwye sondvloed sowat 4000 jaar gelede alle landlewende diere op die droë grond uitgewis, behalwe dié wat in die ark was - die gevolge daarvan sien ons dwars oor die aarde in die aardlae en fossiele4.

*1) Gen.1:31, 2) Gen.2:7, 3) Gen.2:21, 4) Gen.6-9*

## Wat sê die ewolusie teorie?

- Volgens Darwin: dat alles lukraak (kans) en stadig (oor miljoene jare) ontstaan het, van 'n eensellige organisme tot die mens, sonder God volgens 'n natuurlike proses.
- Volgens Gould: moes die veranderinge so vinnig gebeur het dat dit nie in oorgangs fossiele vasgelê kon word nie. Hy noem dit "Punctuated Equilibrium" of "onderbroke balans". Hy lei uit die fossielgeskiedenis af dat plant- en diergroepe basies dieselfde bly totdat een of ander groot ramp dit sodanig beïnvloed dat dit òf verbeter òf uitsterf.
- Dus: eers het ewolusie te stadig plaasgevind om dit te kon sien, toe in kort ingrypende sarsies so vinnig dat jy dit gemis het.

## Indien ewolusie waar is, beteken dit dat:

- natuurlike prosesse spontaan ontstaan wat God per definisie uitsluit;
- die dood vir miljoene jare geheers het voor die sondeval en alles wat nou lewe tot stand gekom het. Die Bybel leer dat 'n liefdevolle, genadige, almagtige God alles perfek geskape en die dood het deur die sonde gekom5 het;
- sonder 'n Goddelike skepping of 'n sondeval is Genesis net 'n mite of gelykenis - dan het Christus net vir 'n mitiese sonde gesterf, of Sy kruisdood was net 'n gelykenis. Dan is ons sonder hoop!6 ;
- Christus as hart van die Evangelie misken word;
- daar geen logiese verklaring vir die geologiese aardlae en die fossiele is nie;
- daar geen logiese verklaring vir die ontstaan van die verskillende wêreld tale en volke is nie.

*5) Gen.2:17; Rom.5:12 6) 1 Kor 15*

## Langtermyn beplanning

Die langtermyn beplanning is om uiteindelik 'n Bybel-en-Wetenskap museum op Orania op te rig met uitstallings van wetenskaplike inligting oor verskillende vakrigtings bv.: geologie, biologie, argeologie, genetika en nog baie meer. Dit kan moontlik die vorm van 'n 1:4 skaal replika van Noag se Ark aanneem met 'n tuin van karoo-plantegroei daaromheen, kompleet met botaniese name op 'n naamplaatjie.

**Die hele projek vra uit die aard van die saak kundigheid en geld.**



*1:2 replika van die "Ark van Noach" in Nederland*